

Vrydag 6 November

Skrifgedeelte: Daniël 4:1-18

Fokusgedeelte: Daniël 4:17

Eers eie nederigheid, dan God se grootheid

Hoogmoed is 'n groot probleem in die tyd waarin ons leef. Dit gee aanleiding tot baie ander sondes, soos arrogansie, gespog, dwaasheid, hardkoppigheid, jaloesie, ondankbaarheid en verhardheid. Hoogmoed is 'n baie algemene gesindheid onder mense en baie het dit in 'n mindere of meerdere mate.

In Daniël 4 hoor ons van Nebukadnesar wat die stadium in sy lewe bereik het waar hy oor sy lewe kan terugdink en die vrugte daarvan geniet. Hy het inderdaad baie dinge in sy lewe bereik, soos om 'n magtige ryk tot stand te bring en die groot stad Babilon met sy hangende tuine op te bou!

Maar God gryp in en maak sy wil in 'n droom aan Nebukadnesar bekend. Die droom ontstel vir Nebukadnesar, want in die droom word die groot boom afgekap sodat daar net 'n stomp in die grond oorbly, en 'n mens se verstand word verander in dié van 'n dier!

Die doel van dit alles is dat alle mense sal weet dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke van die aarde en selfs die onbelangrikste mens daarvoor kan aanstel. Daar is niks om oor trots te wees of om oor hoogmoedig te word nie. Nebukadnesar se pa, Nebopolassar, was van nederige afkoms voordat hy 'n koning geword het! Hy was nie van koninklike afkoms nie, en het baie keer na homself verwys as 'n "seun van niemand", as "die onbelangrike wat tussen mense nie gesien is nie", en as "die swakke, die magtelose".

Die profeet Jesaja profeteer van 'n ander onbelangrike Mens, deur "mense verag", "verstoot" en "nie gereken nie", maar wat "óns lyding op hom geneem het, óns siektes gedra het" (Jes. 53:3, 4). Ons moet sy Naam groot maak en Hom eer, nie onself en dit wat ons bereik het nie.

Sing: Psalm 84-1:6

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)